# DIE LANDBOU-ARBEIDSKONGRES VAN SABRA.

Hierdie kongres in Januarie te Bloemfontein gehou, was in verskillende opsigte merkwaardig.

Ten eerste was die verwelkoming vanweë stedelike en provinsiale outoriteite besonder hartlik en geesverwant, soos wel van die Vrystaat verwag kon word.

Ten tweede was die belangstelling van begin tot end onverminderd in kwantiteit en kwaliteit.

Ten derde was die gelewerde referate van 'n besonder hoë kwaliteit en in sekere opsigte opsienbarend in hul deskundige bevindinge.

Ten vierde is daar werklik bekeringswerk gedoen, sodat 'n afgevaardigde by die afsluiting ook namens andere kon getuig: „I came to scoff, but I stayed to pray".

En ten vyfde, samehangend met laasgenoemde punt, het die pers in die eerste instansie die houding van die kongres op altans een punt verkeerd weergegee.

Wat die eerste punt betref, moet veral verwys word na die Vrystaatse administrateur se oortuigde pleidooi vir die vervanging van horisontale deur vertikale segregasie, wat neerkom op Sabra se standpunt.

Betreffende die tweede punt, was plaaslike outoriteite die beste verteenwoordig, maar boere-verteenwoordigers en ekonome die meeste op die voorgrond, en het die kongres afgesluit met eweveel aanwesiges as waarmee dit begin het.

In die referate was die mees opsienbarende bevindinge dat nieteenstaande aanmerklike arbeidsbesparing deur meganisasie die naturelle-arbeid op blanke plase sedert die oorlog vermeerder het, en dat hulle 'n beter vergoeding ontvang as stedelike arbeid, in kontant en waarde saam.

Die bekeringswerk het hierin bestaan dat veral die boere-verteenwoordigers, wat gekom het om vermeerdering en verbetering van naturelle-arbeid te bepleit, mettertyd tot die insig gekom het dat rasionalisasie en vermindering hiervan eigelik die aangewese oplossing is, nie net vir blanke selfhandhawing nie, maar ook vir produksie-vermeerdering.

En hiermee hang dan saam dat die kongres eers 'n mosie van die tafel gestem het ten gunste van vermeerderde immigrasie van blanke landbou-arbeid, maar later 'n dergelike mosie eenparig aanvaar het, sodat die pers aanvanklik mislei is om te rapporteer dat Sabra sodanige immigrasie afgekeur het.

In hierdie verband is dit van belang om daarop te wys dat dit nie die referente of sprekers op Sabra-kongresse of selfs die kongresse as sodanig is wat Sabra-beleid vaslê nie, maar wel die Raad van Sabra.

Inderdaad, die kongres het opvoedingswerk gedoen, maar het ook weer duidelik bewys gelewer van die behoefte aan voortgaande opvoedingswerk. Hiertoe sal die Sabra-bestuur hom dan nou ook in besonder aangord, ook wat betref die nie-blankes, terwyl ook voorbereidingswerk getref sal word vir die mees doeltreffendee propagering van die Tomlinson-Kommissie se verslag oor die sosio-ekonomiese ontwikkeling van die naturelle-gebiede, ten gunste waarvan die kongres hom van harte uitgespreek het.

Ten slotte is dit van belang om te vermeld dat twee Potchefstroomse dosente in uitvoerende ampte verkies is.

L. J. DU PLESSIS.